Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONAAL SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD12

## ONTWERP V 1

## (TEORIE)

## NOVEMBER 2018

## NASIENRIGLYNE

**PUNTE: 100**

**Hierdie nasienriglyne bestaan uit 23 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

## AFDELING A: ONTWERPGELETTERDHEID

## 'ONGESIENE' VOORBEELDE

**BEANTWOORD ÓF VRAAG 1.1 ÓF VRAAG 1.2.**
**VRAAG 1 [10 Punte]**

1.1 1.1.1 **(Ken 8 punte toe)**




**Kleur:** Die plakkaat in FIGUUR A gebruik 'n polichromatiese skema bestaande uit sterk, warm-roes, olyfgroen, lemmetjiegroen en koue grys-blou wat 'n prettige en vrolike gemoed skep. ☑ Hierdie kleure weerklank die plakkaat se titel wat die toeskouer inlig - 'have fun on foot'! ☑ Die kleurvolle beelde is op wit wolke geplaas wat hul rykheid uitlig. ☑ Die witheid van die wolke praat van reinheid en kraakvarsheid. ☑Die wit verteenwoordig die “ligtheid” (gewig van die skoene.

**Kontras:** Die figuratiewe beelde op die wit wolk agtergrond is gedetailleerd en omlyn wat hulle laat uitstaan. ☑Hulle kontrasteer met die eenvoudige, plat, lig olyfgroen agtergrond en lig turkoois abstrakte, geometriese patrone, beelde van reënboë en gekrabbelde kurwende patrone. ☑ Hierdie kontras aktiveer die oppervlak en dra oor 'n gevoel van joligheid/feestelikheid. ☑ Die ontwerper se gebruik van verskillende mediums – die gefotografeerde suede en leer van die Tsonga Tslops kontras met die karikatuuragtige illustrasies.☑ 'n Verdere kontras is sigbaar in die gebruik van groot, drie-dimensionele tipografie en kleiner, plat of tweedimensionele woorde.☑ Kontras op die linkerkant is meestal organies (olifant, boom, voël en aalwynplant.) terwyl die regterkant mensgemaakte beelde verteenwoordig.(tradisionele houers, sandale en traditionele hoed deur vroue gedra.) ☑ Daar is kontras in skaal bv. die groot skoen in die middelgrond kontrasteer met die tipografie in die voorgrond en die kleiner illustrasies in die agtergrond.Die sandaal word dus uitgelig plakkaat. ☑

**Fokuspunt:** Die hoof fokuspunt is die Tsonga Tslops sandaal omrede dit die grootste beeld is ☑ en dit in die middel van die komposisie is. ☑ Die plakkaat gebruik 'n werklike foto van die Tsonga Tslops sandaal en die tekstuur-kwaliteite van die suede en die leer trek jou aandag. ☑ Die sterk donker bruin kleur van die sandaal is beklemtoon omdat dit met die wit wolke en helder lemmetjies groen van die agtergrond kontrasteer.

**Eenheid:** In FIGUUR A, is eenheid geskep deur die herhalende gebruik van roes, olyfgroene, seegroen, sjokolade-bruin, grysblou en wit kleure. Die herhaling van geometriese versierings ☑ en swart buitelyne skep ook 'n eenheid in die werk. ☑ Die wit wolke op verskillende vlakke hou en verenig alle beelde. ☑ Die Tsonga Tslops sandaal raak ook aan die wolke en die beelde wat 'n eenheid van motiewe skep. ☑Die oor vleueling van voorwerpe bind die illustrasie ook saam as eenheid. ☑


DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM



1.1.2 **(Ken 2 punte toe)**
'Eenheid en diversiteit' is bereik in die plakkaat omdat kulturele simbole van verskillende kulturele groepe in Suid-Afrika afkomstig is, is hier gebruik. ☑ Die kulturele simbole sluit in die aalwyn plant wat 'n heilige plant is in kommunikasie met die voorvaders, ☑ die olifant wat 'n simbool is van mag en wysheid vir die Suid-Afrikaner, ☑ die tradisionele Afrika houers wat gereeld gebruik word om water in te stoor, bier of vars produkte van die veld of mark ☑ die getroude Zulu vrouens wat 'n tradisionele hoed (isicholo) dra.☑ Verskillende simbole kom saam onder een wolk wat eenheid simboliseer en die verskillende kultuurgroepe verteenwoordiger in Suid-Afrika☑
Sommige leerders mag ook argumenteeer dat die plakkaat slegs ‘n paar hoofstroom kulture verteenwoordig en dus nie diversiteit uitdruk nie. ☑

**Krediet moet gegee word vir enige ander regverdige stellings.**

| V1.1 VLAK | KOGNITIEWE VAARDIGHEDE | GEWIGS-TOEKENNING | VRAE | PUNTE (10) |
|---|---|---|---|---|
| Laer orde | Onthou, Herroep, Herken | 30% | 1.1.1 | 2 |
| | Verstaan, Verduidelik, Beskryf | | 1.1.1 | 1 |
| Middel orde | Toepas, Implementeer, Organiseer | 40% | 1.1.1<br>1.1.2 | 3<br>1 |
| Hoër orde | Analiseer, Interpreteer | 30% | 1.1.1 | 2 |
| | Reflekteer, Evalueer | | 1.1.2 | 1 |
| | Sintetiseer | | | |

**OF**

1.2 **[Ken 'n maksimum van 2 punte per ontwerp terme vir 'n totaal van 10 punte toe**



- **BIOMIMIKRIE**
  Die sitvlak en pote van die stoel is organies in vorm en verseker gemak. ☑ Die onderste gedeelte van die agterste poot tot die boonste gedeelte van die rugstuk mimiek/naboots die vorm en struktuur van 'n reptiel van stert tot kop en help om die struktuur te versterk. ☑ Die (ewe belangrike) kabriool pote mimiek die kort, stompagtige gekromde bene van reptiele. ☑

- **ERGONOMIE**
  Die stoel reflekteer die vorm en proporsies van die menslike liggaam om te verseker dat dit die menslike liggaam ondersteun in 'n gemaklike en veilige manier.☑ Die hoogte van die stoel sal die algemene persoon toelaat om met hul voete ferm op die grond te kan sit met hul bene by die knie gebuig teen 'n 45 grade hoek. ☑

- **VORM**
  In FIGUUR B, is die stoel se vorm as amorfies beskou omdat dit organies is ☑ en die konvensionele reghoekige vorm wat normaalweg assosieer is met 'n stoel met vier bene, ontbreek. ☑ Instede, het die stoel drie pote en die sitvlak het 'n meer organiese vorm. ☑ Die rugstut is ook amorfies in karakter, wat 'n kurwende vorm verwys na gekerfde klip of die boots van die vorm van reptiel vel na. ☑

- **TEKSTUUR**
  Die tekstuur van FIGUUR B is visueel en tasbaar. ☑ Die rugkant van die stoel is grof en knobbelrig en gekerf om 'n skubagtige tekstuur te skep wat 'n krokodil reptiel naboots. ☑ In kontras, is die sitvlak glad en gepoleer, nabootsend van been om gemak te verseker. ☑

- **BALANS**
  Die stoel is asimmetries gebalanseer wanneer dit van die kant besigtig word. Dit versterk die estetiese ervaring van die ontwerp. ☑ Die stoel blyk ongebalanseerd met die gewig wat nie ewewigtig versprei is nie. ☑ Wanneer die stoel van die voorkant besigtig is, blyk dit simmetries gebalanseerd met die linkerkant wat 'n spieëlbeeld van die regterkant is. ☑

| V1.2 VLAK | KOGNITIEWE VAARDIGHEDE | GEWIGS-TOEKENNING | VRAE | PUNTE (10) |
|---|---|---|---|---|
| **Laer orde** | Onthou, Herroep, Herken | 30% | 1.2 | 1 |
| | Verstaan, Verduidelik, Beskryf, Klassifiseer | | 1.2 | 2 |
| **Middel orde** | Toepas, Implementeer, Organiseer | 40% | 1.2 | 4 |
| **Hoër orde** | Analiseer, Interpreteer | 30% | 1.2 | 1 |
| | Reflekteer, Evalueer | | 1.2 | 1 |
| | Sintetiseer, Regverdig | | 1.2 | 1 |


DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM



**KOMMUNIKASIE DEUR ONTWERP**

**VRAAG 2 [10 punte]**

2.1 **(Ken 6 punte toe)**



Beelde met simboliese betekenis sluit in maar nie beperk tot:

- Die Protea ☑ kan gesien word om die natuurlike skoonheid van Suid-Afrika te simboliseer omdat dit ons nasionale blom is.☑
- Die 'Kaapse Klopse' ☑ sanger voor is beide 'n simbool van die Kaapse Malay kulturele identiteit en van feesvieringe en herdenking van Kaapstad. ☑
- Die beeld van Tafelberg ☑ met die sonsondergang agter is 'n simbool van die wonders van die wêreld omdat dit as een van die Sewe Wonders van die Wêreld gestem voor is. Dit is ook 'n simbool van Suid-Afrika se natuurlike skoonheid.☑
- Die tros van druiwe simboliseer die wyn industrie in Suid-Afrika. ☑
- Die Vigs strik ☑ simboliseer vigs bewuswording en gemeenskap bewustheid.☑
- Die Madiba ☑ hemp simboliseer trots in Afrika erfenis.☑
- Die sirkel patroon om Mandela se kop ☑ kan gesien word as 'n ligkrans/ oureool/heilige kring en gee aan hom 'n heilige kwaliteit.☑
- Mandela is ‘n simbool van vrede. ☑ Hy het eenheid en vrede in Suid Afrika gebring. ☑
- Die pikkewyn ☑simboliseer ‘n bedreigde spesie. ☑

**Krediet moet gegee word vir enige ander regverdige stellings.**

2.2 **(Ken 2 punte toe)**
Die kleure van die hemp is ryk, helder en gevarieer, kommunikeer 'n ryk geestelikheid en blyk ook om 'n herdenking van die lewe te wees. ☑ Die kontras tussen die monochromatiese kop van Mandela en die hemp versterk die helderheid van die hemp wat sy uniek kleredrag aksentueer. Die sepia kleure wat gebruik word om Mandela uit te beeld verskaf 'n ernstigheid en *belangrikheid* van sy persoon, ☑ jukstaponeer (langs mekaar geplaas) teen die kleurvolle hemp wat vrolikheid en oppervlakkigheid omhels. ☑

2.3 **(Ken 2 punte toe)**
Die plakkaat FIGUUR B kan gesien word as eensydig in guns van die Wes-Kaap omdat net die kulture en natuurlike skoonheid van daai provinsie uitgebeeld is. ☑ Geen ander kulturele simbole en natuurlike skoonhede van ander provinsies is uitgebeeld nie. ☑ Mandela is gesien as 'n inklusiewe figuur wat kulturele diversiteit bevorder en moet visueel verteenwoordig word as sulks. ☑ Die gebruik van Mandela om ons land te verteenwoordig is ook eensydig omdat daar ook ander helde is wat regmatig ons land kan verteenwoordig. ☑ Die Stralekrans kan hom voorstel as ‘n heilige met menslike eienskappe. ☑Daar is geslag en ras

ongelykheid; daar is slegs manlike figures (Mandela en man met sambreel) dit is nie inklusief van die hele reënboognasie nie. ☑

**Krediet moet gegee word vir enige ander regverdige stellings.**

| V2 VLAK | KOGNITIEWE VAARDIGHEDE | GEWIGS-TOEKENNING | VRAE | PUNTE (10) |
|---|---|---|---|---|
| **Laer orde** | Onthou, Herroep, Herken, Noem | 30% | 2.1 | 2 |
| | Verstaan, Verduidelik, Beskryf, Klassifiseer | | 2.1 | 1 |
| **Middel orde** | Toepas, Implementeer, Organiseer | 40% | 2.1<br>2.2 | 3<br>1 |
| **Hoër orde** | Analiseer, Vergelyk, Interpreteer | 30% | 2.2 | 1 |
| | Evalueer, Reflekteer, Regverdig | | 2.3 | 2 |

ÉcoleBooks



DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM


Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM



**VRAAG 3 [10 punte]**

**BEANTWOORD ÓF VRAAG 3.1 ÓF VRAAG 3.2.**

3.1 **Ken 10 punte in totaal toe**



Beide die teepot**vorms** in FIGUUR D en E is driedimensioneel. Hennie Meyer se Teepot (FIG D) is organies, liniêr gekurf en sensueel ☑ maar die vorm van die teepot in FIGUUR E is geometries, abstrak en masjienagtig. ☑ Meyer se teepot is 'n oorbeklemtoonde vorm wat sy funksie verbloem, maar Brandt se teepot is minimalisties en toon duidelik sy funksie. ☑ Brandt se teepot is tipies van Bauhaus produkte want die vorm is gelei deur die 'Form Follows Function' konsep. ☑ Hier teenoorgestel met Meyer sin, wat 'n besige oppervlak patroon en vorm het.

Hennie Meyer se Postmodernistiese Teepot is per hand **geproduseer** en elke teepot wat hy skep is uniek en anders. ☑ Die produksiemetode en gebruik van keramiek klei maak dit moontlik vir sigbare vingermerke en imperfeksies.☑ Marianne Brandt se teepot is massa-geproduseer deur 'n masjien. ☑ Daar is geen sigbare foute want die produk is versigtig na die tyd ondersoek vir enige defekte. Beide teepotte is 'n duidelike refleksie van uitnemende handvaardigheid en unieke produksie metodes geskep met verskillende tegnieke. ☑In geval van tabulering maksimum punt 1.

Hennie Meyer se teepot is gemaak van klei, 'n **medium** wat werkbaar is, relatief bekostigbaar en oral beskikbaar is. ☑ Nadat die teepot gemaak en versier is, is dit in 'n kleioond gevuur om die klei waterdig en hard te maak. Die medium is delikaat en breekbaar. ☑ In teenstelling, is Marianne Brandt se teepot, van vlekvrye staal en swart Ebony/ivoor gemaak om 'n sterk, duursame, blink, gladde produk, daarom die titel 'Silver and Ebony'. ☑ Hierdie materiale is hitte bestand en kan die tee oor 'n langer tydperk warm hou. ☑ Die chroom silwer kleur sal nie oor 'n tydperk vervaal nie en die teepot benodig net seep en water om mee skoon te maak – geen polering word benodig nie. Die ontwerper volg die 'Truth to Materials' filosofie. ☑

Hennie Meyer se teepot is oordadig versier. 'n Verskeidenheid patrone en teksture word gebruik om die grootste gedeelde van die teepot se liggaam te versier en verleen aan die teepot 'n komplekse en ryk oppervlak. ☑ Die patrone en teksture is met die hand aangewend wat 'n aardse karakter skep. ☑ Marianne Brandt se masjiengeproduseerde teepot is ontneem van enige **dekorasies** en is meer onpersoonlik met die fokus op die kwaliteit van die materiaal. ☑

Hennie Meyer se teepot is duidelik **geïnspireer** deur die natuur. Die teepot lyk soos 'n plant of 'n voël se bek. ☑ Die versiering is geïnspireer deur Afrika geometriese patrone en naïewe kinderlike tekeninge. ☑ Die eklektiese vorm en versierings van die teepot is Art Deco, Aztec sig-sag of Postmodernisties geïnspireerd. ☑ Die produk is gelaai met laag-vir-laag betekenis, pluralisties en kompleks. ☑ Marianne Brandt se teepot is duidelik geïnspireer deur Bauhaus masjien estetika. Die teepot integreer baie Bauhaus en De Stijl karaktereienskappe, byvoorbeeld die koue en onpersoonlike Duitse filosofie van wiskundige orde (in die kombinasie van geometriese vorms), is sigbaar. ☑


**Krediet moet gegee word vir enige ander regverdige stellings.**

**LET WEL: 'n maksimum van SLEGS 3 punte mag toegeken word vir tabel vergelykende antwoorde. Maak gebruik van die kognitiewe tabel as 'n riglyn vir jou merk.**

| V3.1 VLAK | KOGNITIEWE VAARDIGHEDE | GEWIGS-TOEKENNING | VRAE | PUNTE (10) |
|---|---|---|---|---|
| **Laer orde** | Onthou, Herroep, Herken | 30% | 3.1 | 1 |
| | Verstaan, Verduidelik, Beskryf | | 3.1 | 2 |
| **Middel orde** | Toepas, Implementeer, Organiseer | 40% | 3.1 | 4 |
| **Hoër orde** | Analiseer, Vergelyk, Interpreteer | 30% | 3.1 | 1 |
| | Evalueer, Reflekteer, Skep, | | 3.1 | 1 |
| | Sintetiseer | | 3.1 | 1 |

**OF**

3.2 **[10 punte]**



3.2.1 **(Ken 4 punte toe)**

Die Tempel van Herkules het 'n geometriese sirkulêre **struktuur** met 'n silindriese klip *cella* wat 'n binne ruimte is wat omring is deur 'n sirkulêre kolonnade van Korintiese pilare wat dit omkring. ☑ Die **struktuur** van die Bosjes-kapel in FIGUUR F is gebaseer op 'n vierkantige glas ruimte wat gedomineer word deur 'n drywende, organiese beton dak wat 'n golwende laag vorm bo-oor die glas mure.

Die lang pilare van FIGUUR G gee die **struktuur** 'n verhewe/trotse voorkoms wat versterk is deur die **struktuur** van die silindriese gepunte dak. ☑ Die **struktuur** van die hoofgedeelte van FIGUUR F is in die vorm van 'n kubus van deursigtige glas wat gekontrasteer is deur 'n beton dak wat dryf in 'n sensuele golwende vorm wat die indruk gee van vryheid, wat 'n mens herinner aan 'n voël in vlug of 'n swemende manta(rog).☑



DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM



Die Romeinse tempel van Herkules vertoon sterk Griekse **invloede** omdat daar gedink is dat dit deur 'n Griekse argitek Hermodoras van Salamina ontwerp is gedurend die laaste gedeelte van die 2de eeu VHJ en dit is 'n *monopteros* – 'n ronde tempel van Griekse *'peripteral'* ontwerp heeltemal omring deur 'n kolonnade. ☑ Die Suid-Afrikaanse platteland **beïnvloed** die ontwerp van FIGUUR F, deur Steyns' studio in 2016. Omring deur majestueuse berge, die golwende dak boots 'n voël in vlug aan en gee dramatiese uitsigte van die omgewing se berge deur die verglansde glas mure van die kapel. ☑ Geïnspireer deur die manier hoe die Kaap Hollandse here huise 'n dialoog opstel met hul omgewing deur hul tipiese golwende gewels en wit gips geverfde mure, die helder wit canopy/dak van die Bosjes kapel skep 'n skulptureel verhouding met die berge. ☑ In FIGUUR G, Romeinse ontwerp is **beïnvloed** en is 'n evolusie van vorige style en kombineer nuwe innovasie en materiale op 'n suksesvolle manier met bestaande ontwerp elemente van samelewings wat hulle oorheers het.

3.2.2 **(Ken 6 punte toe)**

Die **materiaal** wat in FIGUUR F gebruik is vir die golwende dak is gegote beton wat 'n vry vloeiende spasie skep. ☑ Hierdie gevorderde **tegnologie** laat toe dat die betondop eenvoudig vertoon, gekombineerd en gestruktureerd doeltreffend as moontlik. ☑ Die dak raak ook die mure/kolomme met die gebruik van *parabolies* en *hiperbolies (op en af)* boë. ☑ Die Tempel van Herkulus, in FIGUUR G, maak gebruik van 'n klassieke Griekse bou **materiaal**, Pentelic marmer wat in Athene in Griekeland ontgin word. Tydens die konstruksie was Pentelic marmer een van die duurder bou **materiale** wat skaars gebruik was vir groot projekte. ☑ Die kolomme, entablatuur en *cella* mure was gebou met Pentelic marmer blokke terwyl die binne *cella* mure met tufa en stucco bedek was. ☑ Tufa is 'n variasie van leiklip wat gevorm is wanneer koolstof minerale vinnig afkoel en stucco is 'n vorm van gips. ☑ Die konstruksie van die gebou maak gebruik van tipiese 1ste-eeuse Romeinse argitektuur **tegnologie**. Hierdie is sigbaar in die konstruksie van die kolomme se kapitele/kop wat uit twee aparte dele gemaak is. 'n Enkele blok is gebruik om die basis en die voetstuk van die kolom uit te kerf en die basis is geïntegreer in die eerste trap van die podium. ☑

Geïnspireer deur die antieke Griekse *monopteroi* of ronde tempel wat 'n sirkelvormige kolonnade is, wat 'n dak ondersteun sonder enige mure in FIGUUR G, het **gefunksioneer** as die Romeinse tempel van Heros. ☑ Hierdie het die sig belemmer van die afgod wat binne-in die tempel geplaas is en het **gefunksioneer** as 'n meer beskermde privaat ruimte. ☑ In kontras met dié beperkte ruimte, **funksioneer** die Bosjes-kapel in FIGUUR F as 'n beskermde ruimte wat die gemeente omhels deur deurskynende glasmure wat toelaat vir 'n onbelemmerde uitsig dwarsdeur die kapel. ☑ FIGUUR F sal ook 'n dwarssnit van 'n moderne samelewing aantrek ☑ in kontras met FIGUUR G wat 'n meer eksklusiewe funksie gehad het deur slegs 'n kleiner deel van die bevolking in te sluit. ☑

**Krediet moet gegee word vir enige ander regverdige stellings of 'n vergelyking van 'n klassieke en kontemporêre gebou wat die kandidaat bestudeer het.**

**LET WEL: 'n Maksimum van SLEGS 3 punte mag toegeken word vir tabel vergelykende antwoorde. Maak gebruik van die kognitiewe tabel as 'n riglyn vir jou merk.**

| V3.2 VLAK | KOGNITIEWE VAARDIGHEDE | GEWIGS-TOEKENNING | VRAE | PUNTE (10) |
|---|---|---|---|---|
| **Laer orde** | Onthou, Herroep, Herken | 30% | 3.2.1 | 2 |
| | Verstaan, Verduidelik, Beskryf, Klassifiseer | | 3.2.2 | 1 |
| **Middel orde** | Toepas, Implementeer, Organiseer | 40% | 3.2.2 | 4 |
| **Hoër orde** | Analiseer, Vergelyk, Interpreteer | 30% | 3.2.1 | 1 |
| | Evalueer, Reflekteer | | | |
| | Skep, Sintetiseer, Regverdig | | 3.2.2 | 1 |

**TOTAAL AFDELING A: 30**

ÉcoleBooks



DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM



**AFDELING B: ONTWERPGESKIEDENIS**

**VRAAG 4 [30 punte]**

4.1 **Ken 20 punte in totaal toe)**
**(Ken 10 punte vir elke beweging toe. Let wel net een punt kan toegeken word vir die naam van 'n ontwerper en produk vir elke beweging. Gebruik asseblief die kognitiewe tabel vir jou puntetoekenning.)**

**Let wel: Aanhalings is in Engels en was al in vorige vraestelle gebruik. Die taalgebruik wat in Figure H en I voorkom, voldoen aan Graad 12 standaarde.**

Hierdie nasien riglyne gee 'n antwoord vir die volgende twee moontlikhede:
**SKANDINAWIESE ONTWERP EN BAUHAUS**

Kandidate mag enige twee bewegings kies solank hul stellings geregverdig word en terugwysend is na die aanhaling.

Kandidate kan, byvoorbeeld, Skandinawiese Ontwerp kies wat die aanhaling in FIGUUR H reflekteer.

**Skandinawiese** ontwerpers se **doelstelling** is om funksionele produkte te skep wat goed gemaak is en goed afgewerk is ☑ en terselfdertyd **poog** hulle om estetiese mooi produkte wat elegantheid, pret en eenvoudigheid reflekteer. ☑ Skandinawiese Ontwerp pas dus by die aanhaling in FIGUUR H.

Die organiese vorms van hul ontwerpe, sowel as die gebruik van ligte houtmateriaal wys die **invloed** van natuur. ☑ Die gebruik van eenvoudige, funksionele ontwerpe met skoon lyne en gladde oppervlakke reflekteer die invloed van die masjien estetika van die Bauhaus en Modernisme. ☑ Die invloed van Surrealistiese kunstenaars soos Miro kan gesien word in die afplatting van organiese vorms tot abstrakte, biomorfiese fatsoene wat 'n element van pret by die ontwerp voeg. ☑ Hierdie sorgvuldige keuse van invloede om by die doelstellings in te pas is verder 'n bewys dat hierdie ontwerpers nie net geïnteresseerd is in die funksionaliteit van hul produkte nie, maar ook in hul estetiese aantrekkingskrag. ☑

Vorms is eenvoudig en organies met gladde oppervlakke en skoon lyne wat modernisme en min gewigtigheid uitdruk. ☑ Ander **karaktereienskappe** sluit in kleure wat neutraal en kalm of helder, vrolik, sterk en vars is. ☑ Tekstiele maak gebruik van sterk, gestileerde blom motiewe en patrone. ☑ Nuwe materiaal domineer, byvoorbeeld veselglas, rubber, plastiek, viniel, laaghout, aluminium en chroom in hul behoefde om lae-koste oplossings vir moderne behoeftes te skep. ☑



**Arne Jacobsen's 'Ant Chair'** ☑ is 'n voorbeeld van Skandinawiese Ontwerp se gebruik van moderne materiale. Dit is geproduseer vanaf 'n enkele stuk gelamineerde hout en sy bene is van chroom. ☑ Die kurwende buitelyn en biomorfiese, mier-geïnspireerde fatsoen reflekteer hul belangstelling in die gebruik van natuur as inspirasie. ☑ Die stoel is sorgvuldig beplan om funksioneel te wees,

maar terselfdertyd stylvol en elegant. ☑

Kandidate kan byvoorbeeld, Bauhaus ontwerp kies wat die aanhaling in FIGUUR I reflekteer.

**Bauhaus**-ontwerpers verwerp duidelik 'deurmekaar en warboel' in hul doel om eenvoudig en funksionele ontwerpe wat die masjien era reflekteer te skep. ☑ Bauhaus-ontwerp kan dus gesien word om by FIGUUR I se aanhaling te pas. Die skool se **doel** was om kunshandwerkers-ontwerpers op te lei om funksioneel estetiese bevredigende produkte vir massa-produksie te ontwerp. ☑ Hulle het geglo dat vorm funksie moet volg en dat alle onnodige detail sal aandag aftrek van die uitdrukking van die funksie van die produk. ☑ Hulle '*truth to materials'* filosofie kan gesien word in hul gebruik van ongeverfde, ontblote materiale soos staal, bv. staalpype op 'n stoel. ☑

Bauhaus ontwerp is **beïnvloed** deur die De Stijl-geloof in die eliminasie/uitskakeling van alle nie-essensiële **karaktereienskappe** of 'warboel' om die mees essensiële vorme, lyne en kleur te vind. ☑ Paul Cezanne se afplatting van vorm tot geometriese fasette ☑ en die Konstruktiviste se gebruik van geometriese abstraksie en geloof in die maksimum vermindering het ook die Bauhaus beïnvloed. ☑

Soos De Stijl, het Bauhaus-ontwerpers basiese, suiwer, geometriese vorms, reguit lyne en gladde oppervlakke verkies om onpersoonlike, masjienagtige produkte te skep. ☑ Kleure is verminder tot die primêre kleure (geel, rooi en blou) en die neutrale kleure (swart, grys en wit) om die algemene doel van eenvoud te ondersteun. ☑



**Wilhelm Wagenfeldt se 'Bauhaus lamp'** ☑ is 'n goeie voorbeeld van '*uncluttered*' Bauhaus ontwerp omdat dit gemaak is van slegs geometriese vorms en fatsoene (die hoof gedeelte van die lampskerm is 'n perfekte sfeer, die basis is 'n perfekte sirkulêre skyf en die been is 'n silindriese pyp). ☑ Die oppervlak is glad en onversier om die funksie van die lamp duidelik te toon. ☑ Die silwer of vlekvrye staal, die wit van die *'frosted'*/mat skerm en die skoon deursigtige glas is almal neutrale kleure wat kalmte uitstraal. ☑ Die skoon deursigtige glas kontrasteer met die wit '*frosted'*/mat en silwer wat 'n dramatiese impak skep. ☑

**Krediet moet gegee word vir enige ander regverdige stellings.**

| V4.1 VLAK | KOGNITIEWE VAARDIGHEDE | GEWIGS-TOEKENNING | VRAE | PUNTE (10) |
|---|---|---|---|---|
| **Laer orde** | Onthou, Herroep, Herken, Noem | 30% | 4.1 | 2 |
| | Verstaan, Verduidelik, Beskryf, Klassifiseer | | 4.1 | 4 |
| **Middel orde** | Toepas, Implementeer, Organiseer | 40% | 4.1 | 8 |
| **Hoër orde** | Analiseer, Vergelyk, Interpreteer | 30% | 4.1 | 2 |
| | Evalueer, Reflekteer | | 4.1 | 1 |



DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM


| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| | Skep, Sintetiseer, Regverdig | | 4.1 | 3 |

4.2 **[10 punte]**

Die Art Nouveau boekomslag in FIGUUR J reflekteer die **invloede** van die komplekse, inmekaargeweefde lyne van die Viking-klip-uitkerfwerk, sowel as Viking-beelde ☑, terwyl die Modernistiese boekomslag in FIGUUR K die invloede van die Masjien Era se gebruik van reguit lyne, geometriese vorms en gladde, onversierde oppervlakke reflekteer. ☑

Soos die Kuns-en-Kunsvlytbeweging, Art Nouveau se **doelstelling** is ook om goeie verhoudinge tussen die kunstenaar en die kunshandwerker te bewerkstellig en die kwaliteit van handgemaakte produkte in hul ontwerpe oor te dra. ☑ Die gebosseleerde, komplekse details op die boekomslag in FIGUUR J reflekteer 'n handgemaakte kwaliteit. ☑ Modernistiese ontwerpers, in teenstelling, se doel is om estetiese bevredigde ontwerpe te skep wat eenvoudig, abstrak en geometries is vir masjienmassaproduksie. ☑ Hierdie doel is sigbaar in die Modernistiese boekomslag waar vorms abstrak, eenvoudig, masjienagtig en onpersoonlik is. ☑

Die ryk en eksotiese gebruik van **kleur** in FIGUUR J is tipies van Art Nouveau. ☑ Die agtergrond is 'n dowwe donker blou met ryk goue dekoratiewe vloeiende patrone wat bo-op gebosseleer is. ☑ Die Modernistiese boekomslag in FIGUUR K gebruik 'n staal grys agtergrond en die rooi en wit geometriese liniêre beeld skep 'n sterk kontras.☑

Die **lyne** op die Art Nouveau boekomslag is tipies van Art Nouveau omrede hulle kurf en organies is, wat 'n hoogs dekoratiewe, ritmiese oppervlak patroon skep. ☑ In kontras is die lyne op die Modernistiese boekomslag reguit, skerp, geometries en skoon, wat beheer en masjienagtige rigiditeit oordra. ☑ Die lyne van die Art Nouveau boekomslag het 'n vroulike gevoel met 'n sweepslag beweging, maar die Modernistiese boekontwerp se lyne is meer manlik, masjienagtig. ☑

Die **fatsoen** van die Art Nouveau boekomslag is organies en afgeplat, vereenvoudig en gestileerd, reflekterend van Japannese kunsinvloede. ☑ Die fatsoene van die Modernistiese boekomslag is ook vereenvoudig maar hulle is abstrak in plaas van figuratief soos dié op die Art Nouveau boekomslag. ☑ Die Modernistiese boekomslag maak gebruik van perspektiewe lyne om optiese illusies van driedimensionele vorms te skep, in teëstand met die plat fatsoene van die Art Nouveau boekomslag. ☑

| V.4.2 VLAK | KOGNITIEWE VAARDIGHEDE | GEWIGS-TOEKENNING | VRAE | PUNTE (10) |
|---|---|---|---|---|
| **Laer Orde** | Onthou, Herroep, Herken, Noem | 30% | 4.2 | 1 |
| | Verstaan, Verduidelik, Beskryf, Klassifiseer | | 4.2 | 2 |
| **Middel Orde** | Toepas, Implementeer, Organiseer | 40% | 4.2 | 4 |
| **Hoër Orde** | Analiseer, Vergelyk, Interpreteer | 30% | 4.2 | 1 |
| | Evalueer, Reflekteer, Regverdig | | 4.2 | 1 |
| | Skep, Sintetiseer, Regverdig | | 4.2 | 1 |

**TOTAAL AFDELING B: 30**


DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM




**AFDELING C: SOSIOKULTURELE/OMGEWINGS- EN VOLHOUBARE KONTEKS**

**VRAAG 5 [20 punte]**

**BEANTWOORD ÓF VRAAG 5.1 ÓF VRAAG 5.2.**

5.1 **[20 punte]**

5.1.1 **(Ken 6 punte toe)**




**(Ken 2 punte toe)**

- **KOMPOSISIE**

Die rangskikking van die objek is formeel. Dit is groot en sentraal geplaas binne 'n eenvoudige simmetriese ruit van twee blokke wat die betekenis beklemtoon. ☑ Die plakkaat is vertikaal verdeel om verskillende realiteite te beklemtoon:geweld teenoor passivisme. ☑ Elke objek word 'n fokuspunt in dat dit die toeskouer se aandag vestig op geweld. ☑ ‘n Assimmetries komposisie wat die oog van links na regs lei, hadvatsel van die rewolwer horisontaal na die luidspreker. ☑ Sneller se kurwe lei oog na die woorde in die middel van die plakkaat.☑

**(Ken 2 punte toe)**

- **SIMBOLISME**

Die rewolwer simboliseer oorlog en geweld terwyl die luidspreker vrede en geen geweld deur die medium van spraak simboliseer. ☑ Die kleur skema van die objek van oorlog (die rewolwer) is donker, neerdrukkend en depressief; dit simboliseer die verwoesting van oorlog op die mensdom☑ - in teëstelling is die luidspreker lig en helder, en dit simboliseer hoop en 'n stem/opinie. ☑

**(Ken 2 punte toe)**

- **GEBRUIK VAN BEELDE**

Naasmekaarstelling ('Juxtaposing') van beelde is in die plakkaat gebruik. ☑ Die grootte van die beelde is oordryf, veral met die grootte van die rewolwer wat gemanipuleer is om met die luidspreker te pas en saam te smelt. ☑ Beide die beelde is relevant deurdat hulle die boodskap van die plakkaat beklemtoon met die rewolwer wat oorlog en geweld verteenwoordig en die luidspreker wat 'n stem en vrede verteenwoordig. ☑

**Krediet moet gegee word vir enige ander regverdige stellings.**

5.1.2 **Ken 14 punte in totaal toe**
**(Ken 7 punte per gevalle studie toe)**
**Ken 1 punt toe vir die naam en die ontwerper van die produk.**

EEN KONTEMPORÊRE SUID-AFRIKAANSE ONTWERPER/ ONTWERPGROEP:



***The Growbag***, deur **Bonsela**, (Suid-Afrika), 2015 ☑ is 'n unieke buitenshuis planthouer wat 'n gemaklike en mooi manier bied om jou eie groente, kruie, plante en vetplante, ongeag die grootte van die tuin, balkon, of die oprit of muur en dak ruimte.☑

*Growbag* het in vennootskap met Soil for Life begin om die 'Grow to Life Programme' te inisieer, om gemeenskappe te leer om in moeilike omgewings en met beperkte ruimtes en bronne te lewe en met verskeie tegnieke, hul eie organiese tuine wat waterwys en lae koste metodes gebruik, te skep. ☑ Deur die tuine is hulle families verseker om genoegsame voedsame kos wat die sosiokulturele probleem van honger ly sal oorwin. ☑ Statistiek wys dat 14 miljoen mense in Suid-Afrika gaan honger slaap. *The Growbag* en Soil for Life inisiatief bemoedig gemeenskappe aan in hul 'Grow to Life Programme' om 'n inkomste uit hul tuine te maak. ☑ In die wyse word armoede aangespreek en entrepreneurskapsvaardighede word aan nie-werkende individue geleer. ☑ Elke *Growbag* is individueel handgemaak dus die maak van die *Growbag* bemagtig ook die individue om werksgeleenthede te skep. ☑

*The Growbag* is gemaak van versterkte ou advertensiebord viniel velle, wat duursaam is en lank kan hou. ☑ Ekstra groei en stoor spasie is ook geskep deur die sysakkies. *The Growbag* is geskenk aan onderbevoorregte gemeenskappe in Kaapstad. ☑ *The Growbag*-projek skakel hongersnood uit wat veroorsaak is deur moeilik verkrygbare grond vir bestaansboerdery in verarmde gemeenskappe d.w.s. informele nedersettings en plakkerskampe. ☑ gee aandag aan die bogenoemde sosiokulturele bemoeienisse deur die verskaffing van 'n aanpasbare, lig-gewig-tuinoplossing. ☑


DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM



EEN KONTEMPORÊRE INTERNASIONALE ONTWERPER/ ONTWERPGROEP:



***GravityLight*** deur, Jim and Martin van **SkunkWorks projects**, ontwerp in 2009, Kenia. ☑

*GravityLight* is 'n lae koste songelaaide lig wat energie van 'n vallende gewig gebruik om huishoudings wat nie elektrisiteit het nie, en met minder as R40 per dag leef, met lig te verskaf. ☑ Die lig is 'n revolusionêre nuwe benadering tot die stoor van energie en die skep van lig. *GravityLight* was geskep as 'n volhoubare alternatief vir paraffienlampe. ☑ Die lig kombineer kinetiese en potensiële energie, deur dit te koppel aan 'n hooghangende gewig – wat gevul is met klippe of sand – en aan 'n katrolstelsel wat stadig krag verskaf aan 'n kragopwekker wanneer die gewig na die grond toe val. Dit neem net 3 sekondes om die gewig op te lig wat 'n LED-gloeilamp van krag voorsien. Dit genereer 30 minute lig met die daling van die gewig. ☑

Omdat die *Gravitylight* 'n alternatief vir die paraffienlig verskaf, elimineer dit die gesondheidsgevare en omgewingsprobleme wat veroorsaak is deur paraffienlampe. Die gebruik van paraffien veroorsaak 3% van die wêreldse $CO_2$-uitlaatgasse en is 'n belangrike bron van swartkoolstof, wat 'n impak op die omgewing het. ☑ Die rook van paraffienlampe veroorsaak ook asemhalingsprobleme wat gelykstaande is aan die rook van twee pakkies sigarette per dag. ☑ Die gasse veroorsaak oog-infeksies en katarakte. ☑ Onopsetlike paraffienvergiftiging het ook potensieel dodelike gevolge, veral vir kinders. Die gebruik van paraffien binne die huis kan lei tot verwoestende vure en brande. Die verbranding van paraffien skep ook finansiële uitgawes wat van 10 tot 20% van 'n huishouding se inkomste kan gebruik. ☑

Die GravityLight Foundation help die plaaslike ekonomie deur 'n volhoubare aanvraag vir skoon, veilige beligtingsoplossings te skep. ☑ Deur die verkoopspan en in samewerking met plaaslike vennootskappe in Kenia, ondersteun *GravityLight* Keniane om 'n inkomste te verkry en nuwe vakmanskappe te leer deur die verkoop van *GravityLights*.☑ Omrede daar geen uitgawes na die eerste lae aankoopkostes is nie, het *GravityLight* die potensiaal om mense uit armoede te lig, wat hulle die geleentheid bied om die geld wat hulle gespaar het, te gebruik om meer effektiewe beligtingssisteme in die toekoms te koop. ☑

Aan die begin was die projek self befonds deur NLE en toe deur Lagos State, dit het later van Heinrich Boll Stiftung navorsingsfondse ontvang sowel as fondse vir dié konstruksie van die UNDP/Federal Ministry of Environment Africa Adaptation Programme (AAP).

**Krediet moet gegee word vir enige ander regverdige stellings.**

| V.5.1 VLAK | KOGNITIEWE VAARDIGHEDE | GEWIGS-TOEKENNING | VRAE | PUNTE (20) |
|---|---|---|---|---|
| **Lae Orde** | Onthou, Herroep, Herken, Noem | 30% | 5.1.1 | 2 |
| | Verstaan, Verduidelik, Beskryf, Klassifiseer | | 5.1.2 | 4 |
| **Middel Orde** | Toepas, Implementeer, Organiseer | 40% | 5.1.1<br>5.1.2 | 4<br>4 |
| **Hoër Orde** | Analiseer, Vergelyk, Interpreteer | 30% | 5.1.2 | 3 |
| | Evalueer, Reflekteer, Regverdig | | 5.1.2 | 2 |
| | Skep, Sintetiseer, Regverdig | | 5.1.2 | 1 |

**OF**

5.2 **[20 punte]**



5.2.1 **(Ken 2 punte toe)**
Die rol van inheemse kunshandwerk in moderne samelewing is om eer te betoon aan inheemse kulture omdat menigte inheemse kunshandwerk deel word van tradisionele kulturele praktyke. ☑ Die gebruik van inheemse kunshandwerk in moderne samelewing dra ook by tot die volhouding of die oordra van kennis en vaardighede van een generasie na die ander. ☑ Die voortsetting van tradisionele kunshandwerk in die moderne samelewing help ook mense bymekaar te bring en hul kulturele identiteite uit te druk. ☑

5.2.2 **(Ken 8 punte toe)**
Leerders kan enige inheemse kunshandwerk bespreek, bv. Ndebele muur skilderye

Die Ndebele mense was sterk vegters wie gereeld die kleiner vestings onderdruk het en hulle deel gemaak het van die Ndebele gemeenskap. Ondertrouery het gevolg en kulturele uitruilings het plaasgevind. Dit word geglo dat die vroeë Ndebele huisstruktuur en muurskilderwerk strategieë begin het, omrede die bogenoemde interkulturele trouery. ☑ Die eerste muurkunsontwerpe en simboliese vorms is afgelei van die Ndebele kralewerkvorms en patroonmotiewe. ☑ Dus, nadat die Ndebele mense deur die boere verslaan is in die Boere Oorlog, in die twintigste eeu, het die Ndebele ook begin gebruik maak van ekspressiewe simbole in hul muurskilderye om geheimsinnig met mekaar te kommunikeer. ☑ Hierdie boodskappe was nie deur die Boere belangrik geag/verstaan nie, omrede hulle gedink het dat dit net 'n vorm van kulturele kuns is en dus dekoratief en skadeloos is. ☑


DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM



Ndebele muurskilderwerk is gedoen deur die vrouens en die kunshandwerk is oorgedra van een generasie na die ander. ☑ Gewoonlik is die buitenste hekke van die huishouding, mure aan die voorkant, symure en binnemure van die huis geverf. ☑ 'n Goed geverfde huis dien tradisioneel as 'n vorm van kommunikasie wat die rol en die sosiale status van die vrou in die huishouding oordra. ☑

In die konteks van die bogenoemde bespreking is die Ndebele muurskilderwerk belangrik as 'n uitdrukking van voortgaande tradisionele en kulturele weerstand teen kolonialisasie. ☑ Dit is ook 'n wyse waarop erfenis kennis en tradisionele gewoontes van een generasie na die ander oorgedra word.☑

Voor die blootstelling aan akrielpigmente in Suid-Afrika in die 1940s, was slegs natuurlike pigmente in die Ndebele muur skilderwerk gebruik. ☑ Hierdie sluit in monochroom oker, bruin, swart en leiklip-kalkverf. ☑ Die mure is seisoenaal herverf, nadat die somerreën die natuurlike pigmente afgespoel het. ☑ Die vrouens het die pigmente aan die muur met hul vingers aangewend. ☑

'n Beskrywing van EEN werk, sowel as die naam (name) van die kulturele groep/kunshandwerkpersoon wat dit geproduseer het.

**Ken 1 punt toe vir die naam van die inheemse kulturele groep/kunshandwerkpersoon**
Ndlebele muurskilderye ☑
Ester Mahlangu se tradisionele muurskilderye by die Mahlangu huishouding in KwaNdebele, is gekenmerk deur simboliese, geometriese vorms met sterk swaar *cloissonistiese* buitelyne. ☑ Die plat geometriese fatsoene is in 'n verskeidenheid kleurreekse van rooi, donker rooibruine, ligblou, diepblou, wit, goudgeel, groen en so nou en dan pienk. ☑ Die kombinasie van die geometriese fatsoene, primêre en komplimentêre kleurskemas skep 'n ritmiese patroon op die muur oppervlak. ☑ Hierdie muurskilderye was gebruik om in die geheim inligting en kennis oor 'n verskeidenheid sake wat te doen het met weerstand, kolonialisme, tradisie en erfenis, oor te dra. ☑

5.2.3 **(Ken 10 punte toe)**
**Ken 1 punt toe vir die naam en die ontwerper van die produk.**
**Ashanti Design** lampskerms deur **Robert Walker.** ☑
Ashanti Designs in Kaapstad deur Robert Walker se **doel** is om te herdenk en tradisionele kunshandwerk op 'n kontemporêre wyse te seëvier. ☑ Ashanti Designs se ontwerpetiek is swaar **beïnvloed** deur Afrika erfenis, 'n volhoubare ontwerpetiek en biomorfiese vorms. ☑
Die **materiaal en tegniek** wat gebruik word om die Ashanti Designs lampskerms te maak is hoofsaaklik beïnvloed deur Zulu mandjieweeftegnieke.☑ Veral, twee variasies van dié Zulu mandjies, die variasie met 'n deksel op is hoofsaaklik gebruik vir stoor en die plat mandjie word gebruik vir die skeiding van die kaf van die koring. ☑ Tradisioneel was hierdie mandjies versier met 'n oordadige rangskikking van geometriese motiewe of unieke sig-sag patrone. ☑

**Tiperend** word hierdie lampskerms geskep met buigbare materiale soos, sagte takke, gras, palm, palmblare, vesels, raffia, veselagtige boom en plant wortels. ☑ Hierdie materiaal is dan met die hand gemanipuleer met vlegsel, draai en kruisweeftegnieke om die lampskerms te skep. ☑
**Sosiokultureel** bemagtig Ashanti Designs kunshandwerkers in plattelandse gebiede deur die verkoop van hul produkte wat hierdie kunshandwerkers waardevolle entrepreneursvaardighede leer. ☑ Ashanti Designs probeer ook om Afrika Erfenis aan te moedig en te beskerm deur die gebruik van tradisionele Afrika tegnieke om produkte te skep wat 'n funksie het en dus 'n plek in kontemporêre Suid-Afrika.☑

| V.5.2 VLAK | KOGNITIEWE VAARDIGHEDE | GEWIGS-TOEKENNING | VRAE | PUNTE (20) |
|---|---|---|---|---|
| **Laer Orde** | Onthou, Herroep, Herken, Noem | 30% | 5.2.2<br>5.2.3 | 2<br>4 |
| | Verstaan, Verduidelik, Beskryf, Klassifiseer | | | |
| **Middel Orde** | Toepassing, Implementeer, Organiseer | 40% | 5.2.2<br>5.2.3 | 4<br>4 |
| **Hoër Orde** | Analiseer, Vergelyk, Interpreteer | 30% | 5.2.1 | 2 |
| | Evalueer, Reflekteer | | 5.2.2 | 2 |
| | Skep, Sintetiseer, Regverdig | | 5.2.3 | 2 |


DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM


## VRAAG 6

6.1 **[20 punte]**

6.1.1 **(Ken 4 punte toe)**



Die plakkaat se doel is om die publiek/toerisme in te lig van die vernietigende effek wat plastiekafval op ons omgewing het – in die geval spesifiek in verband met olifante. ☑
Die olifant blyk asof hy verwurg word deur die gedraaide plastiekbottel, soos 'n hulpelose slagoffer. ☑ Die plastiekbottel is doelbewus groter en oorheersend uitgebeeld. Dit dui die vernietigende mag van plastiek aan - al is dit in die realiteit 'n klein liggewigbottel, sy giftige kwaliteite is so vernietigend dat dit een van die grootste diere in Afrika kan vernietig. ☑
Die teks 'Time is running out for them, not for plastic' is in 'n eenvoudige san serif tipe skrif, wat die direkte, emotiewe boodskap in 'n vaal grys kleur suksesvol oordra. ☑

Die weggegooide plastiekwaterbottel is platgedruk om 'n uurglas na te boots en die olifant word 'n simbool van lewe wat 'uitloop' weens besoedeling. ☑ Die leë, grys monochromatiese agtergrond verwys na 'n beskadigde aarde wat besoedeld, vuil en leeg is en wat die mensdom met 'n vaal toekoms los. ☑

6.1.2 **(Ken 2 punte toe)**
Om te **herwin** beteken om nuwe produkte te maak van nie-bioafbreekbare materiale wat potensieel die omgewing kan beskadig en sodoende voorkom dat dit op 'n stortingsterrein gegooi word of dat dit die aarde besoedel. ☑ Deur die herwinning van hierdie materiaal is die hoeveelheid produksie van nuwe materiaalproduksie verminder, wat lei tot minder energiegebruik en minder koolstofdioksied en ander giftige walms of gasse wat in die atmosfeer vrygelaat word. ☑ **Herontwerp/upcycle** beteken om aan te pas en bestaande materiaal en produkte wat nie meer gebruik word nie 'n hoër waarde te gee. **Herontwerp/upcycle** stel die moontlikhede voor dat die materiaal en die produk weereens kan funksioneer in 'n ander konteks met 'n verskillende en hoër doel**.** ☑

**OR**

”Upcycling” is ‘n energie effektiewe proses in die hergebruik van afval materiaal sonder om dit te vernietig vir iets nuuts. ☑ “Recycling” is die tegniese vorm van hergebruik, maar dit verwys na items what weggegooi is en afgebreek word in rou materiaal om iets nuuts te vorm. ☑

**Krediet moet gegee word vir enige ander regverdige stellings.**

6.2 **Ken 14 punte in totaal toe**
**(Ken 7 punte per gevalstudie toe)**
**Ken 1 punt toe vir die naam van die ontwerper en die naam van die produk**

VOORBEELD VAN 'N SUID-AFRIKAANSE ONTWERPER:



Heath Nash, *Don't complain, what you see is what you get*, Suid-Afrika, 2011.☑
*Don't complain, what you see is what you get*, is 'n samewerking tussen Nash en plaaslike Zimbabwiese ambagsmanne wat gelei het tot 'n kleurvol en lewendige gebruik van plaaslike bronne gekombineer met plaaslike kunshandwerk tradisies.

Die **doel** van die plastiekbottelafdakke wat deur Nash gemaak is, is om skaduwee areas te skep waaronder mense kan saamvergader, sit, ontspan en met mekaar praat. ☑ Hulle kan ook vir publieke kiosks gebruik word, vanwaar 'n verkoopspersoon blomme en verversings kan verkoop. ☑ Die skadu afdakke was ontwerp om effektief met die bestaande argitektoniese elemente van die stedelike Harare landskap te integreer.☑

Nash se **ontwerpproses** behels 'n ondersoek van afvalmateriaal, plastiekbottels van alle fatsoene, kleure en groottes. ☑ Afvalmetaal en hout is ook gebruik. ☑ 'n Dak is gemaak van 'n metaalraamwerk wat vasgemaak is met draad om die plastiekbottels bymekaar te hou. ☑ In sekere gevalle, is die raamwerk van hout en metaalafval gemaak en aluminiumblikke word gesny en geweef om 'n getekstureerde bedekking te skep. ☑

Die afdakke is 'n voorbeeld van die soort produkte wat Nash ontwerp met die gebruik van weggooimateriaal. ☑ Hierdie projek maak gebruik van skoongewaste en gesnyde bottels, en enige oorskietstukkies is teruggestuur na die herwinningsperseel. ☑ Die projek help om die omgewing skoon te hou en die koolstofvoetspoor te verminder. ☑

VOORBEELD VAN 'N INTERNASIONALE ONTWERPER:







**Ocean sole** verander flip-flop besoedeling in **kuns en funksionele produkte**, byvoorbeeld sleutelhouers in visvorms v of lewensgrootte koeie en leeukoppe. ☑
Die **materiaal** wat Ocean Sole gebruik is flip-flops wat weggegooi is en uit die oseaan en waterweë in Kenia verwyder is. Hierdie het 'n konstante inkomste verseker vir meer as 150 laagbesoldigde Keniane. Hulle **doel** is om 'n bewuswording vir die bewaring van ons oseane te kweek . ☑ Hulle doel is om aan die gemeenskap terug te gee en die lewe vir baie te verander deur middel van opleiding, inkomste en maaltye. ☑



DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM


Tien persent van hul inkomste skenk hulle aan oseaanbewaringsprogramme. Ocean Sole maak **pretkuns** sodat mense, besighede en liefdadigheidsorganisasies sal onthou dat die oseaan onbesoedeld moet bly. ☑ Hulle ontwerpe herinner mense dat die rommel wat in die oseane en waterweë gevind is op sy pad van die stortterreine tot die strande besig is om mens en seelewe te vernietig. ☑

Die materiaalbron is vrylik beskikbaar omdat, in 'n groeiende warm klimaat biljoene goedkoop flip-flops daagliks vir die voete van die armes gemaak word. ☑ Hierdie flip-flops word meestal vir een jaar gedra, en dan na verskeie regmaaksessies word hulle weggegooi op stortterreine wat op die ou einde in ons Aarde se waterweë en dan in ons oseane invloei. ☑ Dié massa weggegooide flip-flops hoop op en verstop die waterweë van vars water en maak hiervandaan hul weg na ons oseane, en vernietig alles in hulle pad. ☑ Tonne flip-flop besoedeling word op die strande elke dag uitgespoel wat 'n omgewingsramp vir die oseaan ekosisteem en plaaslike gemeenskappe skep. Die gebruik van weggegooide flip-flops is 'n volhoubare praktyk vir die vermindering van besoedeling. ☑

Ocean Sole se stigter, Julie Church, was geïnspireer deur die speelgoed wat kinders besig was om te maak uit weggegooide flip-flops. Sy het moeders aangemoedig om die weggegooide flip-flops te versamel, was, en te sny. ☑ Die **proses** wat sy geskep het was om die verskillende kleure flip-flops warm te maak totdat dit sag en werkbaar is sodat die materiaal in 'n vorm gedruk kan word. Hierdie proses skep kleurvolle produkte soos sleutelhouers en pret kunsbeelde bv. die kop van 'n leeu en selfs 'n lewensgrootte koei. ☑

ECOLEBOOKS

Die maatskappy was gestig om 'trade not aid' te promoveer en om bewuswording te skep van flip-flop besoedeling. ☑ Hierdie jaar het Ocean Sole daarin geslaag om meer as 50 ton van die weggegooide en verlore flip-flops wat in die oseaan en op land gevind is, in kunswerke te verander en te herontwerp.

Kopiereg voorbehou

| V.6 VLAK | KOGNITIEWE VAARDIGHEDE | GEWIGS-TOEKENNING | VRAE | PUNTE (20) |
|---|---|---|---|---|
| **Laer Orde** | Onthou, Herroep, Herken, Noem | 30% | 6.1.1 | 2 |
| | Verstaan, Verduidelik, Beskryf, Klassifiseer | | 6.1.2<br>6.2 | 1<br>3 |
| **Middel Orde** | Toepassing, Implementeer, Organiseer | 40% | 6.1.1<br>6.1.2<br>6.2 | 2<br>1<br>5 |
| **Hoër Orde** | Analiseer, Vergelyk, Interpreteer | 30% | | |
| | Evalueer, Reflekteer, Regverdig | | 6.2 | 2 |
| | Skep, Sintetiseer, Regverdig | | 6.2 | 4 |

**TOTAAL AFDELING C: 40**
**GROOT TOTAAL: 100**

ÉcoleBooks



DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM